# Hoofstuk van die dag: 1 Kronieke 18 – 20

> *Dawid was koning oor die hele Israel en hy het sy hele volk met reg en billikheid geregeer. (1 Kron 18:14)*

Oorlog, oorlog, oorlog! Ons lees in 20:1 dat die lentetyd destyds die oorlogseisoen was. Dis hoe dit gegaan het. Dawid

was ’n kind van sy tyd, en het lustig hieraan deelgeneem. Vir ons moderne mense klink dit nie goed nie. Ons lees van die matelose ellende wat oorlog in bv. die Oekraïne en Gasa bring, en dit laat ons skrik vir Dawid se kampanjes. Duisende soldate het gesneuwel, en perde is vermink. En dan staan daar boonop dat die Here vir Dawid gehelp het (18:6 en 13).
Miskien moet ons só daarna kyk: Dawid se taak was om die volk Israel te beveilig en die koninkryk te vestig. Voor hom was dit nie moontlik nie, want hulle is voortdurend deur die buurvolke bedreig en besteel. Lees gerus die boek Rigters hieroor. As teenvoeter teen die veglustige bure het Israel ’n leier nodig gehad om vrede in die land te vestig. Dit was Dawid. Boonop het hy met reg en billikheid geregeer; iets wat nie vanselfsprekend was nie.
In ’n stukkende wêreld moet ’n mens soms harde besluite neem. Jy sal net reg besluit as jy naby God leef.

© Bybelkoerant 2018 – 2026